

ontwerp deur SARIE FREEMAN

'N KNIE BROEK

Gebrei op 'n SINGER-breimasjien op die enkelbed.

Die stelletjie bevat 'n lang broek, kniebroek, twee truitjies, 'n moederkappie en kort en lang kousies.

BENODIGDHEDE: Vir truitjies, kappie en kousies: 150(200) g Bimbo Baby 3-draad. Vir broekie met borsstuk: Frolic DK, 150(200) g; Vir kniebroek: 150(150) g; rek vir kappie en broekie, 2 knope.

MATE: Om kleuters van 1-2 jaar te pas.

SPANNING: Vir Bimbo 3-draad: 28 ste en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met S-6●●. Vir Frolic DK: 26 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met S-9●●.

AFKORTINGS: ks - koussteek; st(e) - steek (steke); N(e) - naald (naalde); R/t - ryteller; pos - posisie; alt - alternatiewe; beg - begin; vermeer - vermeerder; vlg - volgende; vermin - verminder; oorbl - oorblywende; rg - resgaring; H - hoofkleur; HP - houposisie; fa - fyn afgewerk; weersk - weerskante; ▼ - verleng of verkort hier.

TRUITJIES

AGTERPANT: ** Met rg stel 78(86) ste op, brei 10 rye, eindig met saal regs. Ryg H in garingvoerder en begin vanaf linkerkant: lig al die Ne tot E-pos en draai garing rondom Ne om op te stel.

R/t-1, brei 1 ry na links, stel saal op HP.

Maak 'n skulprandjie: (lig elke 10e N tot E-pos, brei 4 rye in HP, brei 1 ry oor al die Ne) 2 keer — R/t-14 *.

Brei voort tot R/t-80/88 ▼.

Raglanvorming: R/t-0; heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin 2 ste fa aan weersk van elke 4e ry ** herh tot R/t-48(56), brei oorbl 28 ste af op rg.

VOORPANT: Soos agterpant van ** tot ** maar brei tot R/t-32(40).

Halsvorming: Vermin 2 ste fa aan weersk van ry, stel saal op HP, lig 29 Ne aan teenoorgestelde kant van saal tot E-pos, * brei 1 ry, lig 1 N aan halsrand tot E-pos in vlg 7 rye, lig oorbl 2 Ne tot E-pos by R/t-40(48) *.

Plaas saal aan linkerkant, stel R/t op 32(40), stoot eerste 11 Ne tot C-pos, herh van * tot *, stel saal in om oor al die Ne te brei en brei 1 ry. Brei oorbl 36 ste af op rg.

MOUE: Stel 44(50) Ne in gebruik en brei soos agterpant van ** tot *, stel R/t terug op 0.

Brei gaatjiesry: Plaas elke 3e st oor op vlg N, tot einde van ry.

Brei voort in ks, vermeer 1 st fa aan weersk van elke 8e ry tot 60(68) ste in gebruik is, brei reguit voort tot R/t-80(88).

Raglanvorming: R/t-0. Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin 2 ste fa aan weersk van elke 4e ry tot R/t-40(48).

Moukoppvorming: Stel saal vir HP, (lig 3 Ne verste van saal tot E-pos en brei 2 rye) 4 keer en hou aan met raglanvorming aan kant wat naaste aan saal is; lig 2 oorbl Ne tot E-pos, stel saal in om oor al die ste te brei en brei 1 ry; brei 14 ste af op rg.

Brei tweede mou op dieselfde manier, met moukoppvorming omgekeerd.

KRAAG: Lig 92 Ne tot B-pos.

Met VK voor, begin vanaf regterkant en plaas ste terug op Ne in volgorde van

Foto: TREVOR BARRETT



agterpant, mou, voorpant, mou.

R/t-0, S-8, brei 4 rye, daarna 'n gaatjiesry soos vir moue, brei 10 rye en maak 'n skulprandjie: (Lig elke 6e N tot E-pos, brei 4 rye in HP en 1 ry oor al die ste) 2 keer.

Brei dan nog 4 rye in HP.

Slaan oor na bruin DK-garing en brei oor

al die HP-ste, heg baie lossies af. Borduur motief in duplikaatsteek vanaf diagram.

Let Wel: Al die dele moet liggies gestoom word vóór dit aanmeakaargewerk word.

AFWERKING: Werk raglannate, sy- en mounate toe. Trek rg uit. Maak koordjies vir hals en moue soos uiteengesit op bl. 26 van

SOOS MA S'N

instruksieboek KS901. Ryg koordjies deur gaatjies en maak 'n knoop aan elke punt van koordjie om te voorkom dat dit uit die gaatjies glip.

LANG BROEKIE MET BORSSTUK

LINKERBROEKSPYP: Met rg en S-9●● stel 90(98) ste op, hang kort opstelkam en 2 groot gewigte aan, brei 11 rye, eindig met saal regs.

Slaan oor na H, lig al die Ne tot E-pos; stel R/t- op 0.

Begin aan linkerkant en draai garing om Ne tot regterkant bereik word. S-9●●; brei 1 ry na links, *slaan eerste 3 Ne oor, lig elke 6e N tot E-pos tot einde van ry.

Stel saal op HP en brei 4 rye, brei daarna oor al die steke in die 5e ry. Herh van * nog 1 keer — 11 rye.

Brei 2 rye, brei 'n gaatjiesry, plaas 3e st oor 2e st en gaan so voort tot einde van ry.

Brei voort in ks tot R/t-100(110) ▼, saal regs.

Kruisvorming: R/t-0, heg 2(3) ste af aan beg van ry en 2(4) ste aan einde van ry.

(Vermin aan weersk van elke alt ry) 6 keer — R/t-11, saal aan linkerkant.

Stel saal op HP; lig aan regterkant 8(11) Ne tot E-pos, (brei 1 ry, draai garing rondom 1e N wat in E-pos is, brei 1 ry, lig 8 Ne tot E-pos aan regterkant) 8 keer.

Stel R/t op 11, hou aan met vermin van 1 st, elke 8e ry, slegs aan linkerkant, tot 69(74) ste oorbly. Brei voort tot R/t-60(70) ▼, brei af op rg.

Brei regterbroekspyp op dieselfde manier, al die vormings omgekeerd.

BORSSTUK: Lig 138(148) Ne tot B-pos, plaas broekspypsteke weer op Ne sodat die twee kort nate in middel voor val.

R/t-0, heg 40(42) ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vermin 1 st fa aan weersk van elke alt ry tot 36(38) ste oorbly*.

Slaan 4 ste oor, lig dan elke 10e N tot E-pos.

Stel saal op HP en brei 4 rye, stel saal om oor al die ste te brei en brei 1 ry; herh van * nog 1 keer, brei 1 ry en heg af.

KNIEBROEK

Soos lang broek, maar brei 60(70) rye vir lengte van broekspyp, vorm kruis ens. soos uiteengesit, brei voort tot R/t-70(80) en heg af.

Sit 'n smal soompie in om rek vir middel deur te ryg.

MOEDERKAPPIE

Begin by rand: Maak 'n toekantaanhegting deur DK-garing rondom 190 Ne te draai. Brei 1 ry met S-9●●, hang opstelkam en 3 groot gewigte aan werk.

Slaan oor na 3-draadgaring en S-6●●; maak skulpe oor 20 rye soos vir trui.

Brei 2 rye reguit, dan 1 gaatjiesry, brei reguit voort tot R/t-60 ▼.

Plaas 1e st oor 2e st en hou so aan tot einde van ry, stoot die leë Ne tot A-pos.

S-4, brei 10 rye en heg stewig af.

Ryg 'n dubbele draad deur laaste ry en trek dit vas om kroontjie van kappie in te ryg. Werk vas en werk naat toe.

Ryg dun hoederek deur gaatjies, dan 'n koordjie wat lank genoeg is om lossies rondom kop te pas en aan sykant vasgestrik te word.

KOUSIES (Lank of kort)

Begin met die skulprandjie. Met DK stel 36(42) ste op en brei 1 ry met S-6●●.

Slaan oor na 3-draadgaring, (met elke 6e N in HP brei 4 rye, brei 1 ry oor al die ste) 2 keer.


Maak 'n gaatjiesry met gaatjies by elke 3e N, brei daarna voort tot R/t-10(60) — 10 rye vir kort kousies, 60 rye vir lang kousies ▼.

Stel saal op HP, lig die 18(21) Ne wat verste vanaf saal is tot E-pos, brei 1 ry, herh tot 6(7) ste in middel oorbly: (Stoot N wat die verste vanaf middelste N is tot C-pos, brei 1 ry, draai garing rondom opgeligte N voordat teruggebrey word) herh tot al die Ne in B-pos is; brei daarna 24(32) rye reguit.

Vorm punt van voet, elke helfte afsonderlik, vermin 1 st aan weersk van elke alt ry tot 9(11) ste oorbly, brei af op rg en maas punte toe wanneer albei dele voltooi is. Werk synaats toe.

Brei koordjies oor 4 Ne so lank soos benodig en ryg deur gaatjiesry. ●

DIAGRAM



As tandekry pla, Ma...



Vandat Ma van daardie lekkersmaak Teejel aan my seer tandvleisies vryf om tandekry-eina gou-gou te stil, slaap ek heelnaag deur. Dis maklik die vinnigste behandeling wat ons nog probeer het, want dit stil die pyn op die plek... sonder enige slegte nagevolge. Dankie Mams, lekker slaap.

Teejel vat die trane weg. Vinnig!



Vra Ma se apteker. 3127/AFCB